**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 18 JUNIE 2025 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, ald J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Inligting- Kommunikasie en Tegnologiese Dienste, mnr J Pienaar
Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronbestuur, me S de Jongh
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl D G Bess om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdh M A Rangasamy.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 MEI 2025**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Mei 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

**5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES**

**5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 11 JUNIE 2025**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

Besluit/...

5.1.1/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die regstelling van die notule soos gerapporteer deur die Munisipale Bestuurder.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 2025/2026 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Artikel 53 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), bepaal dat die Munisipaliteit se SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei (dit is voor of op 25 Junie 2025).

Die SDBIP dien as hulpmiddel vir die bestuur van die Munisipaliteit om diensleweringsteikens en spandering op kapitaalprojekte binne die vasgestelde tydsraamwerke te behaal.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die aangehegte 2025/2026 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word, soos voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeester op 11 Junie 2025 vir goedkeuring.

### 7.2 VOORLEGGING VAN 2025/2026 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)

Die Prestasie Ooreenkomste van die Munisipale Bestuurder en direkteure moet ingevolge artikel 57 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 of 2000 op ‘n jaarlikse basis binne een maand na die aanvang van die finansiële jaar aangegaan word en dien as vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2025/2026 finansiële jaar soos voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeester op 11 Junie 2025 vir goedkeuring.

**7.3 TOESTAND VAN PLAVEIDE RESIDENSIëLE STRATE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT (16/5/5/1)**

Strategiese Doelwit 3 van die GOP – Gehalte en betroubare dienste – verwys spesifiek daarna dat die instandhouding en opgradering van die bestaande toestand van geteerde/geplaveide strate in die munisipale gebied gehandhaaf en verbeter moet word. Geplaveide strate benodig spesifieke instandhoudingsintervensies om die funksionaliteit te handhaaf. Versuim om geskeduleerde instandhouding en herseeling te implementeer, sal lei tot 'n toename in die vorming van slaggate en agteruitgang van die basislaag van die straat.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste beklemtoon die belangrikheid van ‘n volhoubare onderhoudsprogram ten einde die toestand van plaveide residensiële strate in stand te hou.

Rdh T van Essen, ondersteun die instandhouding van residensiële strate, en versoek dat voldoende daarvoor begroot moet word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die status quo-verslag vir 2024/2025 ten opsigte van die toestand van plaveide residensiële strate in die Swartland munisipale gebied;

(b) Dat ernstige oorweging verleen word aan die behoefte tydens die begrotingsproses, onderhewig aan die finansiële volhoubaarheid van die Raad.

**7.4 ONDERSOEK NA DIE FINANSIëLE LEWENSVATBAARHEID VAN ‘N MUNISIPALE HOF (17/5/B)**
[Die item word onttrek.]

**7.5 SWARTLAND IKT EN KONNEKWITITEITSTRATEGIE (6/2/3/1/B)**

Die IKT-Strategie en verwante beleide moet op ‘n jaarlikse basis hersien word om tred te hou met tegnologiese vordering. Met die hersiening is die behoefte aan die Konnektiwiteitsplan geïdentifiseer, onder andere, om die Smart City-konsepte te inkorporeer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die insluiting van die Konnektiwiteitsplan by die IKT-Strategie en dat die inhoud van die strategie ondersteun word;

(b) Dat die opdatering van die IKT-Strategie ondersteun word om dit te belyn met die Plaaslike Regering se Omsendbrief rakende die Beleid vir die Bestuur van Informasie en Kommunikasie Tegnologie Raamwerk teen 2026, welke handeling as ‘n PMS-indikator vir die Senior Bestuurder: IKT-dienste gestel sal word;

(c) Dat die ontwikkeling van ‘n begrotingsriglyn vir die implementering van die IKT-Strategie en Konnektiwiteitsplan ter ondersteuning van die munisipale prioriteite en die Smart City konsep ondersteun word, onderhewig aan kosteberamings, en voldoende finansiering tydens die begrotingsproses;

(d) Dat die behoefte van voormelde deel gemaak word van die begrotingsbehoeftes.

**7.6 SWARTLAND MUNISIPALE BEROEPSGESONDHEID- EN VEILIGHEIDSBELEID (17/1/B)**

Die Swartland Munisipaliteit erken en aanvaar sy verantwoordelikheid om 'n veilige en gesonde werksomgewing vir al sy werknemers, kontrakteurs en besoekers by enige van die Munisipaliteit se werkplekke of openbare fasiliteite te voorsien en in stand te hou.

Om voormelde te bereik is dit noodsaaklik om ingevolge Artikel 7 van die Wet op Beroepsgesondheid- en Veiligheid die betrokke beleid in plek te hê.

Besluit/...

7.6/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die hersiende Beroepsgesondheid- en Veiligheidsbeleid, soos met die sakelys gesirkuleer as Aanhangsel A, goedgekeur word.

**7.7 HERSTEL EN ONDERHOUD VAN MUNISIPALE HUURVOORRAAD: STANDAARD OPERASIONELE PROSEDURES (17/2/B)**

Die voorgestelde Standaard Operasionele Prosedures (SOP) vir die herstel en onderhoud van Munisipale Huurvoorraad is opgestel ten einde die doeltreffendheid van die aanmelding en afhandeling van klagtes wat deur huurders ontvang word te oorweeg en aan te spreek.

'n Bespreking volg insake sommige huurders wat nie oor die kommunikasie middele beskik om gebreke en klagtes aan te meld nie, en die rol van die wyksraadslid. Verder word die verantwoordelikhede van huurders bespreek om, onder andere, huur te betaal en self klagtes aan te meld.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die voorgestelde Standaard Operasionele Prosedures (SOP) insake die Herstel en Onderhoud van Munisipale Huurvoorraad aanvaar word, onderhewig aan die volgende wysigings:

<u>**Rental Stock Maintenance Request Process**</u>

- **Reporting of Maintenance Issues:** Tenants can report maintenance issues via phone, email or a dedicated online platform, and only via the ward councillor (with the tenant's authorisation) if mentioned communication resources is not at the disposal of the tenant.

<u>**Complaint Reporting Procedure**</u>

- **Submission of Complaints:** Complaints to be **submitted only by the tenant** in writing, via email, or through a dedicated hotline, and only via the ward councillors (with the tenant's authorisation) if mentioned communication resources is not at the disposal of the tenant.

(b) Dat kennis geneem word dat die Huurbehuisingskomitee op 'n kwartaallikse basis sal vergader en dat 'n onafhanklike voorsitter, wat nie die wyksraadslid is nie, op die volgende vergadering verkies sal word;

(c) Dat die Huurbehuisingskomitee die Standaard Operasionele Prosedures (SOP) na afloop ses maande sal hersien om die doeltreffendheid van die werkswyses te verseker.

**7.8 SWARTLAND MUNISIPALE BEGRAFNISBELEID VIR ARMLASTIGES (17/2/B)**
[Die item word onttrek.]

**7.9 SAAKNOMMER 1394/2022: SWARTLAND MUNISIPALITEIT (EKSEKUSIE KREDITEUR)/ SYDNEY DAWNDALE JACOBS (VONNISSKULDENAAR): VOORGESTELDE AANKOOP VAN ERF 3986, GREATER CHATSWORTH (5/7/1/1)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee is op vorige geleenthede ingelig aangaande die veiling (waarop die Munisipaliteit onsuksesvol was om die erf aan te koop) en verkoop van Erf 3986, Chatsworth aan mnr S M Leon.

Weens die ligging van die betrokke erf het die Munisipaliteit CK Rumboll en Vennote versoek om mnr Leon te nader oor die moontlike herbelyning van erfgrense sodat beide eienaars die grond meer sinvol kan benut. Na konsultasie is twee funksionele erwe geskep met voorstel tot gepaardgaande grondgebruike vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Besluit/...

7.9/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die situasie rakende Erwe 3986 en 7841, Greater Chatsworth, en die komplikasies wat die plasing van Erf 3986 meebring rakende die benutting van sowel hierdie eiendom as Erf 7841;

(b) Dat toestemming verleen word vir die nodige prosesse om deurloop te word vir die herbelyning van gemelde eiendomme soos voorgehou in die verslag, gegewe dit die Munisipaliteit in ‘n gunstiger posisie sal plaas om sinvol met die nuutgeskepte eiendom te kan handel;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die kostes verbonde aan die landmetingsproses deur die Munisipaliteit gedra word, asook kostes wat met die herregistrasie van die eiendomme gepaardgaan, en vir Mnr Leon om die grondgebruikskostes te dek, in ruil vir die groter gedeelte grond aan hom toegewys te word.

**7.10 HERNUWING VAN HUUR VAN ‘N GEDEELTE VAN DIE SWARTBERG PLAAS, PLAAS NR 331, MOORREESBURG VANAF SWARTBERG TRUST VIR IKT INFRASTRUKTUUR DOELEINDES (15/4/6)**

‘n Gedeelte (groot ±300 m²) op die Swartberg Plaas, Moorreesburg word deur die Raad gehuur vir doeleindes van IKT-infrastruktuur. Die huurooreenkoms verval op 30 Junie 2025 en die IKT-departement het aangedui dat die infrastruktuur noodsaaklik is om dienslewering in die omliggende area te verseker.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huurooreenkoms met die Swartberg Trust vir die huur van ‘n gedeelte van Swartberg Plaas, Plaas Nr. 331, ongeveer 300m² groot, vir ‘n verdere tydperk van drie jaar met ingang vanaf 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2028;

(b) Dat ‘n maandelikse huurbedrag van R2 127.77 (BTW uitgesluit) en 6% eskalasie per jaar vanuit posnommer 9/216-931-1427 (Huur van grond) betaal word aan Swartberg Trust;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes onveranderd bly.

**7.11 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULD: JUNIE 2025 T.O.V. DEERNIS-HUISHOUDINGS EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE (5/7/3)**

Die aangehegte skedules toon die uitstaande bedrae wat as oninvorderbaar geklassifiseer word, naamlik

- Skedule A – afskryfbaar ten opsigte van deernishoudings = R5 280 020.32
- Skedule B – afskryfbaar ten opsigte van uitstaande debiteure = R1 071 399.70.

Die Direkteur: Finansiële Dienste beklemtoon dat deeglike prosesse gevolg word om gevalle te identifiseer wat nie oor die nodige meriete beskik om as oninvorderbare skuld af te skryf nie. Alhoewel die bedrae wat afgeskryf word, in vergelyking met andere owerhede, as binne perke beskou kan word, is dit nie volhoubaar om skuld van deernishuishoudings af te skryf teen die kwantums wat dit nou gebeur nie en is dit ‘n aspek wat streng bestuur word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R5 280 020.32** ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R1 071 399.70** ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

7.11/...

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendoms-belastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging gemaak was, tydens die volgende Uitvoerende Burgemeestersekomiteevergadering voorgelê sal word;

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installering van ‘n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernis-huishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

(j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;

(k) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in ‘n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings te kom teken.

**7.12 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2025 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2025.

**7.13 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Besluit/...

7.13/...

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.14 AFSKRYF EN VERWYDERING VAN BATES UIT DIE BATEREGISTER WEENS VERMISTE BATES, VERKOPE AS SKROOT BY VEILING, VERSEKERINGSEISE, VERVAGING EN RENOVASIES TOT 31 MEI 2025 (6/1/4)**

Die Batebestuursbeleid bepaal die redes vir die afskryf van bates, onder andere, as gevolg van diefstal, vernietiging, onherstelbaar, ens. en ‘n register word gedurende die jaar bygehou van sodanige bates.

Die bates word vir afskrywing aanbeveel, aangesien dit tydens die fisiese inspeksie geverifieer kon word dat die bates met ‘n waarde van R67 627.21, vir die redes genoem in die verslag, nie meer bestaan nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die raad goedkeuring verleen vir die afskryf van bates per die aangehegde lys (R67 627.21) en dat daardie bates verwyder word vanuit die Bateregister ten einde die munisipaliteit se finansiële rekordhouding te volvoer vir die jaar geëindig 30 Junie 2025;

(b) Dat indien daar nog versekeringseise geskied vir die maand van Junie 2025, dat die Hoof Finansiële Beampte gemagtig is om daardie items af te skryf en verslagdoening van enige verskille tussen die voorafgaande bedrag en die finale afskrywings vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 aan die UBK te lewer;

(c) Dat die Hoof Finansiële Beampte gemagtig is om daardie items af te skryf wat geïdentifiseer word as vervangde bates tydens die jaarlikse bate opname ingevolge die kapitale spanderingsprogram wat afloop tot 30 Junie 2025. Enige sulke bates sal aan die Raad gerapporteer word.

**7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: BETALING VAN VISUMFOOIE VIR JEUG-UITRUIL PROGRAM NA DUITSLAND (8/1/B/2)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 19 Junie 2024 goedkeuring verleen vir 'n jeuggroep bestaande uit tien (10) jeugdiges en twee (2) volwassenes uit die Swartland-gebied om die jeugkamp in Duitsland van 13 tot 22 Julie 2025 by te woon.

*TLScontact* is as 'n diensverskaffer deur die Duitse Ambassade gekontrakteer om visumaansoeke te hanteer, en is dus die enigste verskaffer van die diens.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder die betaling van visumfooie aan *TLScontact* gemagtig het t.o.v. afgevaardigdes wat gedurende Julie 2025 aan die Jeuguitruilprogram in Duitsland gaan deelneem, en vir afwyking van die verkrygings-proses in terme van die Voorsieningskettingbestuursbeleid vir die volgende rede:

    (i) Die diensverskaffer is ‘n alleen verskaffer wat deur die Duitse Ambassade gekontrakteer is om visumaansoeke namens hom te administreer;

(c) Dat daar verder kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder die Bestuurder: Openbare Betrekkinge, Biblioteke en Toerisme gemagtig het om namens die afvaardiging betaling per kredietkaart aan *TLScontact* te maak, en om vergoed te word vir die uitgawe ten bedrae van R6 370.00 in terme van die Reis- en Verblyfbeleid;

(d)/...

7.15/...

(d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe toegewys sal word aan MSCOA-kode: 9/201-1316-1512 en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R6 370.00;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur opdrag gegee word om bogenoemde rede as 'n aantekening by die finansiële state in te sluit, wanneer dit saamgestel word.

**7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: BETALING VAN VLIEGKOSTES VIR JEUG-UITRUILPROGRAM NA DUITSLAND VIA DIE RAAD SE GEREGISTREERDE REISAGENT (8/1/B/2)**

[In aansluiting tot voormelde Item 7.15].

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het, onder andere, besluit dat die jeugdiges en die ABSA-verteenwoordiger verantwoordelik sal wees vir hulle eie vliegkostes en dat die koördineerder van die Sondeza-kamp, die Bestuurder: Publieke Betrekkinge, Biblioteke en Toerisme, as afgevaardigde van die Munisipaliteit die kamp sal bywoon.

Al die jeugdiges het reeds die vliegkostes aan die Munisipaliteit oorbetaal en sal die ABSA-verteenwoordiger self die rekening vereffen.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die vliegkostes vir die jeugkamp in Duitsland by Swartland Travel ten bedrae van R179 050.08 (BTW uitgesluit) te betaal;

(c) Dat die volgende rede vir afwyking van die verkrygingsproses in terme van die Voorsieningskettingbestuursbeleid as volg aangeteken word:
  (i) Die deposito vir die vlugte is teen 4 September 2024 aan Swartland Travel betaalbaar;
  (ii) Swartland Travel is die enigste geakkrediteerde diensverskaffer in die Swartland area wat geskik is om die vereiste dienste te lewer. Dit word nie as prakties beskou om die mark te toets deur kwotasies vanaf ander diensverskaffers aan te vra nie;

(d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe toegewys sal word aan MSCOA-kode: 9/201-1316-1512 en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R179 050.08;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur opdrag gegee word om bogenoemde rede as 'n aantekening by die finansiële state in te sluit, wanneer dit saamgestel word.

**7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN NISSAN LDV, CK 43887 (8/1/B/2)**

Die voertuig word gebruik deur die Verkeer- en Wetstoepassingsdepartement vir patrolliewerk in Darling om die toepassing van verordeninge te reguleer en verkeers-oortredings aan te spreek.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel Nissan LDV, CK 43887 deur Nissan Malmesbury ten bedrae van R37 098.09 (BTW uitgesluit);

(c)/...

7.17/...

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Nissan Malmesbury die ondersteuningsagent van Nissan-voertuie is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R37 098.09 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/2-52-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**